

GEDAGTE VIR DIE DAG

“Herfs – die seisoen wat ons leer dat verandering mooi kan wees”



NUUSBRIEF 09

21 APRIL 2022

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

In 'n oogwink het die seisoen somer van somer na winter verander. John F. Kennedy het in 1962 tydens 'n toespraak aan die kongres oor Amerika se doelwitte, gesê: “Die een onveranderlike sekerheid is dat niks nie seker of onveranderlik is nie”. Ons harte gaan uit aan mense in KZN wat die sekerheid van, onder andere, hul huise verloor het.

Ons roep Vrydag, juffrou Janine Vermaak vaarwel, wat nuwe sekerheid in Nederland gaan soek. Juffrou Carli Kuhn-Ernst sluit weer vanaf 3 Mei 2022, by ons aan.

INLIGTING

SKOOLDRAG – OORSKAKELING NA WINTERSDRAG

Leerders het tans 'n keuse tussen winters- en somersdrag. Vanaf Dinsdag, 3 Mei 2022, sal leerders amptelik oorskakel na wintersdrag. Indien leerders sou koud kry, dra hul 'n trui en skoolbaadjie.

WÊRELD-BOEKEDAG

Die amptelike dag is 23 April, maar *Midstream Ridge Laerskool* vier dié besondere dag op Vrydag, 22 April. Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. [🔗 WÊRELD-BOEKEDAG](#)

AFRIKAANS – EKSTRA KLAS

Let asseblief daarop dat daar op Dinsdag, 26 April, geen ekstra Afrikaanse klas sal wees nie.

RAKKER SÊ DANKIE!

Rakker se hart loop oor van dankbaarheid oor elke Ridge Rakker wat 'n bydrae vir sy groot verjaarsdag geskenk gemaak het. Hy sal eersdaags almal laat weet wat hy vir die skool gaan aankoop. Nogmaals dankie!


THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY

Klik asseblief op die skakel vir inligting rakende die internasionale balletskouspel wat op 30 Mei 2022, in die skoolsaal, plaasvind. [🔗 THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY](#)

STUDIEMETODE-KURSUS

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. [🔗 STUDIEMETODEKURSUS](#)

YOUNG ENGINEERS

Klik asseblief op die skakel vir meer inligting.  [YOUNG ENGINEERS](#)

AANSOEKE VIR GRAAD 1 – 2023

Ouers word versoek om asseblief graad 1-aansoeke vir 2023 voor die einde van April 2022, in te dien. Neem kennis dat die skool na 'n aanlyn-aansoeksisteem oorgeskakel het. Geen aansoeke word per e-pos of as harde kopie aanvaar nie. Klik asseblief op die onderstaande skakel om u aansoeke elektronies te voltooi: <https://midstreamridgeprimary.co.za/admissions/>. Vir enige navrae, kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of telefonies by 012 940 9122.

GRAAD 8-INSKRYWINGS 2023

Graad 8-inskrywings vir 2023 sluit Vrydag, 29 April 2022. Indien u kind by *Midstream College* gaan inskryf, moet u asseblief aanlyn aansoek doen. Besoek asseblief die [Midstream College Webblad](#) vir die nodige instruksies en die aanlyn toelatingsvorm – **Toelating**.

Vir enige toelatings-navrae, kontak me Carine Cronje per e-pos by carinec@midstreamcollege.co.za.

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF

